# 348.  AS MY VOLK

**G                    D      G**
1. As My volk wat Ek geroep het
**C       G       D       G**
tot My bid en hul bekeer,
**G                    D      G**
as hul vlug van slegte weë
**C       G        D        G**
en van My, Yahweh, wil leer
**Em                B7**
sal Ek hoor vanuit die hemel,
**G       C      D         D7**
vol genade sal Ek wees.
**G                    D      G**
Ek sal al hul skuld vergewe
**C         G        D        G**
en dan ook hul land genees.

**G                    D     G**
2. Dan sal Ek My oë open,
**C        G       D          G**
hul verslaendheid aanskou.
**G                D      G**
Ek sal luister na gebede,
**C       G       D       G**
hul herinner aan My trou.
**Em                B7**
As My volk wat Ek geroep het
**G       C      D         D7**
tot My bid met ware~berou,
**G                    D      G**
sal Ek al hul skuld vergewe
**C       G      D        G**
en genade nie weerhou.

**G                D       G**
3. Ja, ons is U volk, o Vader,
**C         G        D      G**
en ons het teen U oortree.
**G                    D      G**
Dankie vir U groot genade
**C       G       D       G**
en erbarming wat U gee.
**Em                B7**
Dankie vir U trou beloftes,
**G       C      D         D7**
dat U liefde nooit verflou;
**G                        D      G**
help ons dan om reg te wandel
**C       G       D          G**
en net op U Woord te bou.